

Bronnie

Die The

# Bronberger

fokus op die landelike leefwyse / focus on country living

Mei/May 2026 Vol.24 No.9

gratis/free

info@bronberger.co.za
www.bronberger.co.za
012 734 0522 / 083 959 1016

*Beskikbaar via WhatsApp & e-pos*

## Binne / Inside:


- Inwoners maak kapsie teen tentkerk – bl 6
- Stories oor Pretoria se oudste huis – bl 14
- Walliese 'haas' bly bobaas kaas – bl 20
- Riley ontglip snelweg-strikstellers – bl 8
- Dié klippe al eeue lank in gebruik – bl 19
- Die Ingelsman blaas toe die aftog – bl 24

# V-TEK

CK2004/113450/23

MOTUL · Castrol · AUTO SERVICE

## CAR & TRUCK SERVICE CENTRE

**ALL MAKE AND MODEL:**

• Vehicles • Trucks • Horseboxes
• Caravans • Trailers • Tractors



### Services Offered

- MINOR / MAJOR SERVICES
- BRAKES & SUSPENSION
- DIAGNOSTICS
- CLUTCH REPLACEMENTS
- STARTERS / ALTERNATORS
- AUTO ELECTRICAL
- AIRCON REPAIRS & REGAS
- ENGINE OVERHAULS
- TRANSMISSION SERVICES

Schedule an appointment:
012 803 4021 071 335 6453
And let us take care of all your vehicle maintenance and repairs!

miwa GRADED WORKSHOP
5-STAR GRADED WORKSHOP

Owner and Founder: Vincenzo
"With over 30 years experience in the motor industry we are dedicated to giving excellent service at affordable prices".

www.vtekservicecentre.my.canva.site
012 803 4021
178 Boschkop Road, Mooiplaats

Right to Repair · RMI · miwa



# Water Pump Group

## EXPERTS IN SUSTAINABLE, RELIABLE WATER SOLUTIONS

- Irrigation Accessories (Hunter & Rainbird)
- Electrical, Borehole & Garden Accessories
- Variety Fittings
- Manufacturers of HDPE / LDPE Pipe
- PVC & Copper Pipe
- Lay Flat hose
- Pumps, Tanks & Stands
- Fire Fighting Systems
- "Off Grid" Water
- Water Filtration & Purifying Systems
- Water Quality Testing (SANS241:2015)
- Borehole Testing & Installations
- Generator & Pump Sets
- Pump Repairs and Installations





012 940 0511 | www.waterpumpgroup.co.za | admin@waterpumpgroup.co.za

**Rayton Address:** Cnr R515 & R104, Alzu Centre | **Moreleta Park Address:** 1267 De Villebois Mareuil Drive

VISIT OUR SHOPS FOR ALL YOUR WATER SUPPLY REQUIREMENTS AND PROFESSIONAL SERVICE



Pretoria se water is onder

# DRUK

Is jy voorbereid?

Moenie boor sonder professionele grondwater-insig nie.

Inyati bied kundige geo-hidrologiese opnames om boorgat-haalbaarheid vooraf te bepaal.

## INYATI DRILLING

**Bevestig jou bespreking met 'n 60% deposito en ontvang 'n GRATIS geologiese opname.**

- ✓ Identifiseer lewensvatbare waterbronne.
- ✓ Verminder onnodige boorrisiko.
- ✓ Beplan met professionele insig.
- ✓ Versterk jou langtermyn watersekuriteit.

**Watersekuriteit begin hier. Kontak ons vandag.**

012 940 0507 | sales@inyatigroup.co.za
www.inyatigroup.co.za

Bronnie
Bronberger

**Mei/May 2026**
www.bronberger.co.za





**• Redaksie •**
Angie Kleijn
info@bronberger.co.za • angie@bronberger.co.za
WhatsApp/Telegram: 083 959 1016
012 734 0522


## Advertensie: Navrae en Bespreking

Bel ons nou vir jou wenner-advertensie in ***Die Bronberger***. Ons staan jou by met raad, daad, fotografie en die opstel en uitleg van jou advertensie teen geen ekstra koste nie. Jy kry 'n gratis proef vir goedkeuring voor plasing. 'n Advertensie in ***Die Bronberger*** bring nuwe voete na jou besigheid. Ons bereik die min ontginde koopkrag in die ooste van, en ten ooste van Pretoria met 'n publikasie wat die mense regtig wil lees. Vra gerus ons gereelde adverteerders of volg die lesersmeelewing in ons briewekolom.

Bel ons by 083 959 1016 / 012 734 0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za. Besoek www.bronberger.co.za.



Tania 072 089 0227
tania@bronberger.co.za



Hannes 072 992 5440
hannes@bronberger.co.za
Rayton, Cullinan, Bronkhorstspruit


**Uitgegee deur:** Die Bronberger
Sel: 083 959 1016 / Tel: 012 734 0522
E-pos: info@bronberger.co.za
Gedruk deur Seriti Printing Digital, Derdepoortstraat 318, Silverton

**Advertensie & redaksionele navrae en -bydraes**
Sel: 083 959 1016 Tel: 012 734 0522


**Verspreiding / Distribution:** Die Bronberger word teen die middel van elke maand versprei.
Toonbankverspreiding in: Olympus, Zwavelpoort, Shere, Tygervallei, Hazeldean, Silver Lakes, Boschkop, Tierpoort, Rietfontein, Mooikloof, Bashewa, Grootfontein, Welbekend, Bapsfontein, Klipkop, Witpoort, Kleinzonderhoudt, Mooiplaats, Donkerhoek, Kleinfontein, Vaalbank, Valtaki, Cullinan, Rayton, Bronkhorstspruit, Kaalfontein, Faerie Glen, Moreletapark, Waterkloofrif, Wapadrand, Lynnwoodrif, Willows, Equestria en Garsfontein.



**Kopiereg**
Kopiereg word op alle redaksionele materiaal in dié uitgawe gehou. Terwyl alle voorsorg deur die uitgewer en redakteur geneem word, kan ons nie verantwoordelik gehou word vir enige foute of uitlatings nie.


**Bladuitleg**
Jeanette
083 258 2665
jeanette@bronberger.co.za

Vintage Graphic Designs






## Beteuel die drang

**Aletta Venter van Pretoria:**
Wanneer dit herfs word, tref 'n vreeslike obsessie so baie tuiniere – die drang om te hark. Of om daardie skreeuende blaarblasers of -suiers aan te wend. Waar kom die kompulsie om blare uit die weg te ruim vandaan?
Daardie blare is een van die waardevolste hulpbronne wat jou tuin het. Dit vorm 'n grondkombers waar die blare afbreek en voedingstowwe teruggee aan die grond. Dit help om vog te behou en verminder onkruid. Moenie jou herfsblare as gemors laat wegry nie. Dis die laaste ding wat dit is.

## Lekker warm nessie


*Die duifie op die warm nessie wat bo-op 'n lig gebou is*

**Marietjie Scriven van Nkwe:**
Ek hou 'n duifie op 'n koue dag op haar nessie dop. Die duif-paar het die nessie bokant 'n lig by Nkwe-familie-oord se kantoor gebou. Hulle het voorheen 'n huisie gebou op dieselfde lig, maar toe kom die ape en breek dit af. Daar het twee babaduifies uitgeval en is dood. Nou bou hulle weer op dieselfe plekkie op die lig.

## Oppas vir 'kompos-swendelaars'

**Anoniem van Cullinan:**
Hierdie sogenaamde 'kompos-swendelaars' wat elke nou en dan 'n draai maak in Cullinan is baie arrogant en vloek en skel jou uit as jy nie wil koop nie. Hulle het ook aan my bure se hek geruk om te kyk of dit sal oopmaak. Hulle skreeu 'hallo' van hek tot hek en bied kompos per sak aan vir 'n lae prys. Hulle skat hoeveel sakke gebruik gaan word en sê dan na die tyd dat baie meer gebruik is en sit druk op jou om 'n hoër prys te betaal. Dispute word blitsvinnig aggressiewe konfrontasies.
Vra vir identifikasie en kry 'n geskrewe kwotasie vooraf sodat jy die finale bedrag op skrif het voor die werk begin.
*Nie alle kompos-verkopers is swendelaars nie, maar gemeenskappolisiërings-forums (GPF) hou 'n paar van hulle dop wat ook in die ooste van Pretoria werk. Die Garsfonteinse GPF en Alpha Sekuriteitsforum het bevestig dat klagtes die afgelope paar maande merkbaar toegeneem het. – Red*

## Slang in die gras


*Dit is slang-seisoen*

**Eus de Clerk van Cullinan:**
Na aanleiding van die veearts-rubriek in ***Die Bronberger*** se April-uitgawe: Kyk wie kuier hier by ons in die gras voor die winter kom.
*Verlede maand het dr Liesel van der Merwe geskryf dat slange in die herfs gereed maak om te oorwinter. Hulle soek 'n veilige, warm plek en jag meer om energie vir die onaktiewe wintermaande te berg en lê langer in die son op warmer dae wanneer die nagte koud is. Hulle eiers broei in die laatsomer uit en jong slange is op soek na kos en versprei in die gebied. Al dié aktiwiteite beteken dat herfs die tyd is wanneer veeartse die meeste gevalle van slangbyte in troeteldiere sien. – Red*



## Só beweeg die storms


*Die reën sak van wes na oos uit*

**`Alet Erasmus van Kleinfontein:**
Na aanleiding van Marina Martin se lesersbrief in ***Die Bronberger*** se April-uitgawe – dieselfde verskynsel word vanaf Kleinfontein gesien: Die reën sak om 4:04 nm op 19 April van wes na oos uit op Kleinfontein se suidelike horison.
*Marina het verlede maand vertel dat sy die wolke en reën vanaf hulle huis op die Bronbergrif op Zwavelpoort dopgehou het en dat die storm bykans altyd van wes na oos in die vallei voor hulle beweeg. Kleinfontein is aan die oorkant van die vallei. – Red*

## Uit op 'n rottejag


*'n Baie vuil Trixie*

**Albert Bester van Rayton:**
Trixie was baie vuil, maar trots op haarself, nadat sy in 'n modderbedding gegrawe het! Dit was vermoedelik agter die rot aan wat ons by die voëlkos op die grasperk gesien het.


*Die rot by voëlkos op die grasperk*

## Bou hulle al?

**Gert Vermaak van die Bronberg-gebied:**
Ek het in ***Die Bronberger*** van Desember 2025 gelees oor die nuwe kampus wat op Mooiplaats gebou word en het gesien dis vir die onafhanklike Afrikaanse hoëronderwysinstelling, Akademia.
Julle het geskryf dat die eerste fase van die ontwikkeling in Januarie sou begin. Het dit toe? Ons wil graag weet hoe dinge vorder.
*Die eerstefasekonstruksie het wel in Januarie begin en sal tot Desember 2027 strek, waarna gebruik van die fasiliteite 'n aanvang sal neem. Die tweede en finale fase sal tussen Januarie 2028 en Desember 2029 plaasvind. – Red*



## Ons voorblad

Hein de Wet het die klipstapels op die Bronbergrif in die Bronberg-bewarea afgeneem. Die storie oor die stapels se ontstaan word op bl 19 vertel.



# Waar daar 'n rokie trek

Dit is herfs in Bronberg-wêreld en soos 'n lesersbrief hier neffens lui, is dit die seisoen waarin mense op velerlei maniere – en soms maniere wat hulle bure tot waansin dryf – van blare ontslae wil raak.
Dit is een van die klein jakkalsies in ons midde wat die bloed borrelend aan die kook kry; jakkalsies wat die vredeswingerd en die gemoedelike samesyn in 'n gemeenskap wreedaardig kan verniel. Die vreemdste ding van dié jakkalsies is dat hulle vastrapplek kry en lekker baljaar as eenvoudige 'bedagsaamheid' in 'n gemeenskap ontbreek.
Dit is nie bedagsaam teenoor moeder aarde, die atmosfeer, die osoonlaag of jou bure om dié tyd van die jaar die droë blare en gras in jou erf bymekaar te hark en dit dan onder die dekmantel van die donker skelm aan die brand te steek nie.
Jou onbedagsame aksie is onwettig, ontneem die grond van waardevolle voedingstof, besoedel die lug, vergroot die gat in die osoonlaag, dra by tot aardverwarming en hou jou proesende, stikkende, vloekende buurman/vrou snags wakker. En dit is 'n brandgevaar in die hoewegebied.
Dit is moeilik om nou, met die goeie reën wat hierdie herfs in ons kontrei val, aan veldbrande te dink, maar soos elke jaar sal duisende hektaar se veld in ons gebied waarskynlik ook vanjaar deur vlamme verslind word. Skaars en bedreigde dier- en voëlsoorte sal in die slag bly. Onherstelbare skade sal aan eiendom en die natuur gedoen word. Sigbelemmerende rook sal in alle waarskynlikheid weer vir ongelukke op ons paaie sorg.
Behalwe die ywerige tuiniers wat blare verbrand, wie en wat veroorsaak die voortdurende veldbrande? Daar is natuurlik die vlakkoppige vermaaksoeker wat die skouspel van 'n veldbrand geniet: Hy beweeg in die gebied rond en soek lekker droë, lang grasveld om aan die brand te steek.
Tog word baie brande, soms met die beste bedoelings ter wêreld, deur amateurs veroorsaak. Die ou besluit om sonder toestemming en sonder kennis paraat te wees en self voorbrand te maak. Hy wag gewoonlik tot die wind lekker sterk waai, salig onbewus van brandverbod-tye, en pak die voorbrand aan gewapen met net 'n takkie of 'n sakkie om wegholvlamme te beveg.
Vir riglyne oor brandvoorkoming en -bestryding kan mense by die Welbekend-brandbestrydingsvereniging aanklop. Hulle dek gebiede soos Witpoort, Knoppiesfontein, Rietfontein 21IR, Ystervarkfontein, Dorstfontein, Boschkop 543JR, Kleinzonderhout, Kameelzynkraal, Klipkop, Bashewa, Tierpoort, Rietfontein 395JR, Grootfontein, Rietvlei View, Klipkop, Rietfontein-bewarea, Bapsfontein, Nestpark, Zwavelpoort, Tiegerpoort, Boschkop 369JR, Tweedracht, Mooiplaats, Kleinfontein, Rhinopark en Donkerhoek. Vir meer inligting, besoek wfpa.co.za. 'n Aansoekvorm om lidmaatskap kan daar afgelaai word.

**Om jou Bronnie maandeliks elektronies te kry, stuur die versoek met jou naam en van en die omgewing waar jy woon na info@bronberger.co.za. Stuur 'n dergelike versoek per WhatsApp na 083-959-1016 om die elektroniese uitgawe op WhatsApp te ontvang. Dit is gratis.**










# Inwoners maak kapsie teen tentkerk op Grootfontein



*Grootfontein-landgoed op Garstfonteinweg-verlenging*
*Foto: Verskaf*

Inwoners van Grootfontein-landgoed op Garstfonteinweg-verlenging sê dat hulle rustige landelike leefwyse deur die oordonderende lawaai van 'n nuwe kerk bedreig word. Oor die Paasnaweek is 'n markiestent opgeslaan en 'n skare mense is met busse aangery.

"Ons het nie 'n probleem met 'n kerk nie," sê 'n inwoner op die WhatsApp groep, 'Sinovich Rd Disturbance', wat ná die voorval gestig is. "Ons het 'n massiewe probleem met 'n kerk wat so hard lawaai maak dat die desibelvlakke wat opgeneem is, iets is wat 'n mens binne-in 'n propvol Loftus kan verwag."

Desibel-lesings wat daardie aand op verskeie inwoners se persele gemeet is strek so hoog as 73 desibel, wat beteken dat lesings binne-in die kerk 105 tot 116 desibel kon gewees het. Geraasbesoedeling word beskou as ongevraagde of oordadige klank, tipies hoër as 65 tot 75 desibel, wat 'n negatiewe impak op mense, diere en die omgewing het.

Inwoners is ook bekommerd oor potensiële sekuriteitsprobleme wanneer soveel vreemdelinge van buite die gebied met busse na die landgoed aangery word. Hulle sê dat hulle graag sal wil hê dat die busse en voertuie binne-in die kerk se perseel moet parkeer en dat gemeentelede nie op die landgoed moet ronddrentel nie.

Raadslid vir wyk 91, Henning Viljoen, het aan ***Die Bronberger*** gesê dat die kerk Hope Ministries International is. 'n Kantoorgebou en die leë erf langsaan is glo deur die kerk aangekoop en die pastoor het aan inwoners gesê dat hulle beplan om 'n permanente kerk daar te bou.

Grootfontein is 'n lae-digtheid landgoedontwikkeling bestaande uit residensiële kleinhoewes.

Tshwane metro-woordvoerder, Lindela Mashigo, het bevestig dat Stad Tshwane op 4 April 'n klagte oor geraasbesoedeling ontvang het en op 10 April 'n inspeksie van die perseel gaan doen het. Die eiendom se eienaars het aan die stad se omgewingsgesondheidspraktisyn gesê dat hulle nie geweet het dat die Paasdiens die naburige inwoners negatief sal beïnvloed nie. Die praktisyn het vir die eienaars gevra om byeenkomste op die perseel te staak en het gesê dat 'n formele kennisgewing met dié instruksie uitgereik sou word.

Lindela sê dat die praktisyn die eienaars ingelig het dat hulle verrigtinge oor die Paasnaweek 'n oortreding van die Gautengse geraasbeheerregulasies was en dat sulke byeenkomste nie onder die eiendom se huidige sonering en munisipale verordenings toegelaat word nie.

Die soneringsertifikaat van die perseel dui gebruiksone 19 (onbepaald) aan met die primêre regte vir landbou, toegangsbeheer, plaaswinkels en tuisondernemings.

Raadslid Henning Viljoen het gesê dat hy en die direktoraat geboubeheer saam met omgewingsgesondheidsamptenare 'n vergadering met die eienaars van die eiendom gehad het en aan hulle verduidelik het dat 'n soneringsaansoek vir spesiale gebruik ingedien moet word.

Henning het gesê dat 'n 'plek van aanbidding' een van omtrent 20 kategorieë is wat amptelike toestemming nodig het. Die proses waardeur gegaan moet word is streng en alle faktore, asook inwoners se klagtes, moet in aanmerking geneem word. 'n Kennisgewing moet op die perseel aangebring word sodat inwoners aan 'n openbare deelnameproses kan deelneem om hulle opinies te lig.

"Ons wag nog vir hulle amptelike aansoek vir spesiale gebruik," het Henning teen ***Die Bronberger*** se saktyd gesê.

# Slaggate word só getakel

Slaggate in die ooste van Pretoria se paaie word deesdae deur Alpha Sekuriteitsforum getakel. Die nuwe slaggat-loodsprojek vorm deel van dié forum se openbare ruimte gemeenskapopheffing.

Volgens Alpha Sekuriteitsforum se woordvoerder, Aris Ruyter, is die loodsprojek in vennootskap met Ridgefield-sekuriteitlandgoed uitgevoer, onder leiding van die Equestria gesamentlike uitbreidingsaksie wie se span reeds meer as 250 slaggate in die gebied reggemaak het.

Aris het gesê dat die loodsprojek van stapel gestuur kon word omdat daar bystand van gevestigde gemeenskapsforums was. "Hulle ondervinding, praktiese leiding en bereidwilligheid om hand by te sit het ons gehelp om behoorlik af te skop."

Volgens Aris is die slaggat-loodsprojek deel van 'n breër poging om plaaslike infrastruktuur te verbeter. Vir die grootste deel van wyk 46 het Alpha se gemeenskapopheffingsinisiatief die nodige memorandum van ooreenstemming in plek om dié soort herstelwerk met munisipale toesig te doen.

Die inisiatief, wat ten volle deur die gemeenskap gefinansier word, se doel is om munisipale werk aan te vul en nie om dit te vervang nie.



*'n Sekuriteitsforum se slaggat-loodsprojek het afgeskop* Foto: Verskaf













# Riley ontsnap van snelweg-strikstellers

"Moet nooit stop as jy oor skerp voorwerpe op die N4-Oos snelweg gery het nie." So sê Riley Rousseau, wat die nag van 8 April 'n slagoffer in die Mooiplaats / Donkerhoek-gebied van dié snelweg geword het.

'n Gewapende verdagte is geskiet en beseer in 'n laat-nag konfrontasie met sekuriteitspanne ná Riley oor die skerp voorwerpe gery het. Gebeure het ontvou toe Echo-1 Sekuriteit reageer het op 'n gewapende roof en skietery by 'n perseel op Mooiplaats. Terwyl hulle na verdagtes gesoek het, het hulle van die insident, minder as 'n kilometer van hulle af op die N4 snelweg, gehoor.


Só het die band van Riley Rossouw se motor gelyk *Foto's: Verskaf*

Die omliggende gebied is met 'n hommeltuig gefynkam en daar is gesien dat drie verdagtes van die snelweg af weghardloop. Die reaksie-eenhede het hulle in die veld agternagesit en die gewapende verdagtes het op die offisiere afgestorm. Een verdagte is geskiet en nog een is in hegtenis geneem.

Lakes Sekuriteitsforum se lede het by Riley gebly, het hom gehelp om die band om te ruil en het die gebied beveilig om verdere voorvalle te verhoed.

Riley het aan ***Die Bronberger*** vertel dat hy daardie aand op pad terug was van sy werk in Centurion. Hy het met die N4 gery en net ná die Donkerhoek-tolhek, onderdeur die brug waar die treinspoor loop, is 'n groot klip van die brug afgegooi.

"Ek het uitgeswaai en deur die skerp voorwerpe gery. Daar was 'n kar agter my en die slagoffer het gestop ná hy daardeur gery het. Ek het skote gehoor en het net aangehou ry met die momentum van my kar," het Riley gesê.

"Ek het dadelik die regte mense gekontak om my te kan bystaan. Hulle het SAPD, Echo-1 Sekuriteit en Live Traffic in kennis gestel. Binne 'n paar minute het 'n operateur van Live Traffic my gebel en op die lyn saam met my gebly tot Echo-1 my gekry het, so ongeveer 3 km van die tolhek by Jan Ellis."


*Reaksie-eenhede help Riley om die band om te ruil*

"'n Mens dink jy sal nooit so iets oorkom nie, maar jy kan. As dit ooit met jou gebeur, hou oopkop. Moet nie stop nie! Vir niks en niemand nie. Ry jou kar op die "rims" as jy moet. Ek het. 'n Kar kan vervang word, maar nie jou lewe nie," het Riley gesê.











# Valke slaan toe

'n Man wat gemaak het of hy 'n amptenaar van die staatsveiligheidsagentskap is, is op 29 April by 'n landgoed in die Silver Lakes-omgewing in hegtenis geneem.

Die direktoraat vir prioriteitsmisdaadondersoek (Valke) het wenke ontvang dat dié 41-jarige man vals identifikasie gebruik om ondernemings af te pers en dat hy in besit van vuurwapens was. Valke-woordvoerder, kolonel Katlego Mogale, het bevestig dat 'n lasbrief uitgereik is waarna ondersoekers 'n deursoekings- en beslagleggingsoperasie uitgevoer het.

In die soektog is twee identifikasiekaarte, wat na bewering met die staatsveiligheidsagentskap verbind kan word, gevind.





# Het jy gehoor? Have you heard?


Casablanca Manor bied 'n Winterfees ten bate van die Down Sindroom-vereniging van Pretoria aan. Die fees is op 30 Mei van 9 vm tot 4 nm op plot 121, Stamvrugweg, Donkerhoek. Musiekkunstenaars wat gaan optree is Pieter Erasmus, Alwyn Oberholster en Ryan Roux LeRoy. Daar gaan 'n mark met uitgesoekte kraampies wees, KWV proesessies, volop te ete, 'n potjiekoskompetisie en 'n speelplek vir kinders. Kaartjies kos R250 vir toegang, potjiekos en proesessies en is by quicket.co.za beskikbaar. Vir meer inligting skakel 082-772-9983.

• • •



The Pretoria East Car Show is from 9 am to 5 pm on 23 May at Church of the Beatitudes, plot 88 Atterbury Road, Zwavelpoort. A wide variety of classic, custom and exotic cars will be on display and there will be live entertainment to keep the vibe going all day. Visitors can look forward to delicious food stalls with something for every taste. Dedicated play areas will keep the children happy and entertained. Tickets are available at the gate or howler.co.za and cost R100 for adults and R50 for pensioners. Children under 18 pay R50 and children under six years old go in for free.

• • •



'Road to STRAB: Laat die wiele rol' word om 8 nm op 22 Mei by Boiler Room Bar in die Hokaai-koopsentrum, Graaff Reinetstraat 558, Faerie Glen aangebied met Hudsons House, Sea of Green en DJ Dutches. Kaartjies kos R100 by quicket.co.za en R120 by die deur. Vir meer inligting, skakel 068-583-2560.

• • •


'Tronk met 'n 'D'' word op 12 Junie om 7 nm en op 13 Junie om 11 vm by Fairtree Atterbury-teater aangebied. Sosiale vlinder, Leksie Pieterse (Ignatius van Heerden), word tot 20 jaar tronkstraf gevonnis vir die gifmoord op haar ryk vroetelpappie, Bakkies Barnard. In die tronk beland sy in 'n sel saam met Cruella (André Lötter), Bakkies se weduwee, en die legendariese Daisy de Melker (Tobie Cronjé), wat volgens rekords lankal dood behoort te wees, maar nou die vrouetronk met 'n ysterhand regeer. Wanneer Leksie ontdek dat haar slinkse prokureur, prok Skuim, 'n dubbele lewe lei begin 'n gevaarlike spel van wraak. Kaartjies kos R250 en is by seatme.co.za beskikbaar. Die teater is in Daventrystraat 4, Lynnwood Manor.

• • •


'Fatman en vriende – 'n groot verjaarsdagkuier' word om 7 nm op 24 Junie by AfriForum-teater opgevoer. In dié energieke vertoning neem Fatman en sy musiekvriende die verhoog oor met humor, warmte, bekende treffers en verrassende duette. Fatman vat ook sy hele orkes saam vir die spesiale vertoning. Standaardkaartjies teen R160 is by afriforumteater.co.za beskikbaar. Die teater is in die Greenlyn Village-sentrum op die hoek van Thomas Edison en 13de Straat, Menlopark.

• • •


Die 'Loop en proe tussen die wild fees' word op 30 Mei van 10 vm tot 5 nm by die Windy Brow-natuurreservaat op die R513-pad buite Cullinan gehou. Wandel op 'n rustige 2.5 km roete deur die reservaat, terwyl jy kameelperde, sebras, koedoes, rooibokke en blouwildebeeste van naderby bewonder. Langs die pad is daar verskeie proepunte met 'n verskeidenheid wyn, jenewer, whiskey, brandewyn en likeurs. Die avontuur eindig by 'n kuierarea waar versversings te koop is. Kaartjies kos R170 en sluit 'n glas, proesessies en toegang tot die reservaat in. Bel Danie Booysen by 082-926-4326 vir meer inligting.



• • •


Trek jou jas aan en maak gereed vir 'n gesellige winter-wyn ondervinding. Rooi Fijnwyn vier alles wat die koue seisoen spesiaal maak: stadige slukkies en heerlike rooiwyn soos Shiraz, Cabernet en Pinot Noir. Rooi Fijnwyn word op 27 en 28 Junie van 10 vm tot 5 nm by Shokran, plot 99, Luiperdstraat, Tierpoort gehou. Meer as 35 wynplase neem deel en mense kan na hartelus wynproe, eetgoed van verskeie koskraampies geniet en na musiekkunstenaars luister. Kaartjies kos R250, sluit 'n glas en proe-sessies in, en is by iTickets beskikbaar. Skakel 082-335-5659, stuur 'n e-pos: info@shokran.co.za of besoek www.fijnwyn.co.za.

• • •


Numerous performances of 'Disney on Ice' will be held at the SunBet Arena, Time Square from 27 June to 5 July. Join Mickey Mouse and his Disney friends on adventures filled with world-class skating, high-flying acrobatics, and unexpected stunts. Tickets are available at ticketmaster.co.za and cost from R295 to R595. The arena is at 209 Aramist Avenue, Waterkloof Glen.









# Kabeldiewe grawe gevaarlike gate in reservaat

Kabeldiewe het in April binne-in Moreletakloof-natuurreservaat begin gate en slote grou wat die wilde diere, stappers en die vrywilligers wat daar werk in gevaar stel.

Volgens die Vriende van Moreletakloof-natuurreservaat is hulle nou al gewoond daaraan om kabeldiefstal buite die reservaat, net onder die hoek van Rutgers- en Verdistraat te hanteer, maar die nuwe gat-grawery is iets wat snel toeneem.

Meer as sewe nuwe gate is in die begin van April gegrawe. Kabels lê vir weke lank oop en besoekers aan die reservaat word gewaarsku om op hulle hoede te wees. Mense word ook gevra om gebreekte palissade-heinings aan te meld en te laat weet wanneer hulle hoor hoe gate gegrawe word. Dit gebeur glo selfs helder oordag.

Woordvoerder vir Bull Sekuriteit, French Jooste, het gesê dat hulle op 14 April rondom 2 nm inligting van 'n gemeenskap WhatsApp-groep gekry het dat 'n verdagte besig was om elektriese kabels naby Moreletakloof-natuurreservaat te knip.

Hy het gesê dat taktiese en gewapende eenhede gou reageer het. Die verdagte het weggehardloop, maar hy is agternagesit en naby die reservaat gevang. Bull Sekuriteit se offisiere het op gate wat onlangs gegrou is en gesteelde kabels afgekom. Die verdagte is aan die Garsfontein-polisiestasie oorhandig waar hy formeel in hegtenis geneem is.


*Daar is takke bo-oor sommige van die gate, wat beteken hulle word nie maklik gesien nie*


*Een van die nuwe gate wat vroeg in April gegrawe is*
*Foto's: Moreletakloof-natuurreservaat*


*'n Gat langs die palissade-heining*














# Maak gereed vir die Mampoerfees


*Trekkerdemonstrasies* *Foto's: Verskaf*


*Die biertuin*

Die jaarlikse Mampoerfees word op 6 Junie by die Willem Prinsloo Landbou Museum op die Ou Bronkhorstspruitpad gehou en besoekers kan uitsien na 'n dag vol geur, musiek en plaasnostalgie.

Boere-orkeste en kunstenaars soos Joey Lane, Nico J en Luaan gaan vir lekker kuiermusiek sorg. Die legendariese The Staccatos is die groot trekpleister op die middag se program. Motorgeesdriftiges kan uitsien na die Mampoer Rally, saam met 'n uitstalling van veteraanmotors, trekkers, ou enjins en ander plaasimplemente. Die BeetleManiacs nooi almal met ou Vollas en Kombi's om deel van die uitstalling te wees. Pretoria Karavane en Kampering gaan ook 'n wye verskeidenheid karavane, boswaens en kamptoerusting uitstal.

Besoekers kan ritte op ossewaens, trekkers, perde, kamele en ponies ervaar. Terwyl jy daar kuier, maak seker jy stap deur die Willem Prinsloo Landboumuseum om te kyk na die ossewaens, perdekarre en plaasimplemente van toeka se dae asook die ou 1800's-opstal met sy historiese broodbak-oond.

Behalwe mampoer, bied die fees baie ander verrassings vir die fynproewer. Van gerookte vleise, vars brode en konfyt tot 'n groot verskeidenheid koskraampies, daar is iets vir elke smaak en elke sak. Kuns- en handwerk-liefhebbers kan weer uitsien na talle kraampies met handgemaakte produkte.

Vir die aktiewe klomp is daar 'n bergfietsroete, draf- en stapgeleenthede en 'Boer Dra 'n Vrou' is 'n prettige item vir die gesin. Om 11 vm bied SA Diere Kanker hulle gewilde 'Doggy Hour' aan. Vat jou woef saam en neem deel.

Kaartjies is by howler.co.za beskikbaar en kos R80 vir volwassenes en R40 vir skoolkinders en pensioentrekkers. Voorskoolse kinders en honde gaan gratis in.

Vir meer inligting, skakel 012-492-5808.


*Ossewaritte*


*'n Verskeidenheid kraampies*

# Aardedag gevier

*Kungwini Welsynsorganisasie het Aardedag op 22 April gevier met die leuse dat selfs die heel kleinste gebaar kan help om 'n beter wêreld daar te stel. Hulle glo nie net daaraan om vir die inwoners te sorg nie, maar ook vir die omgewing en het 'n kwekery op die perseel op plot 214, Zwavelpoort waar plantverkope help om daagliks na die 160 inwoners om te sien*
*Foto: Verskaf*






# Eerste erfenisregister van sy soort geskep

Die Erfenisstigting (ES) het 'n nuwe inisiatief van stapel gestuur om 'n omvattende indeks te skep van alle private museums, erfenisterreine en erfenisgoedere wat met Afrikanererfenis verband hou.
Die projek is daarop gemik om gemeenskappe, families en geesdriftige erfenisbewaarders te help om ons geskiedenis sigbaar, toeganklik en beskermd te hou. "Ons wil graag 'n netwerk bou wat ons gedeelde geskiedenis vir die volgende generasie sal beskerm," het Lizette Jansen, Erfenisstigting-bestuurder, gesê.
In Suid-Afrika word museums hoofsaaklik deur provinsiale of munisipale owerhede bestuur. Tog is 'n beduidende hoeveelheid kultuurhistoriese materiaal in private besit of op private terreine.
"Oor die dekades het families, boerderygemeenskappe, kultuurorganisasies en private versamelaars hulle eie museums of uitstallings ingerig – dikwels sonder 'n sentrale databasis, wat daartoe lei dat hierdie ruimtes dikwels oor die hoof gesien word," het Lizette gesê.
Sy beklemtoon dat die stigting se werk daarop gemik is om as 'n vennoot en ondersteuner op te tree sonder om eienaarskap van die projekte te neem. Die stigting kan nie na alles omsien nie, maar sal graag wil weet wanneer iemand hulle eie museum of terrein inrig.
'n Databasis sal help om gemeenskappe te verbind, navorsers te ondersteun en belangstellendes na museums en terreine, wat dikwels onbekend is, te lei. Dit kan nuwe bemarkingsgeleenthede vir private museumprojekte ontsluit, aangesien besoekers makliker inligting oor wat daar in die omgewing te sien is, sal vind.
Die stigting kan mense help om hulle projek te bemark en die sigbaarheid daarvan te verhoog.



'n Kraan-toekenning deur William Nicol uit die Pieter de Jager-versameling *Foto: ES-argief*



*Items uit die Ouma se huis-museum by die FAK se Udolpho-Rivierplaas buite Parys* *Foto: Monique Lubbe*

Geregistreerde lede van die erfenisregister ontvang afslag op bewaringskursusse, wat spesifiek vir die professionele versorging van kulturele eiendom ontwerp is. Die stigting bied deurlopend spesialisadvies oor die bewaring, dokumentering en hantering van erfenisvoorwerpe.




*Fyn bewaarde meubels wat deur Anglo-Boereoorlog-krygsgevangenes gemaak is* *Foto: ES-argief*

Die stigting kan mense ook help om amptelike status vir hulle museum of terrein by die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) te verkry. Dié erkenning kan tot bewarings- en navorsingsmoontlikhede bydra.
Daar is 'n eenmalige administrasiefooi van R500 om deel van die register te word. Registreer by: https://es.org.za/registreer-hier.

## Stofpadtrappers



*Die Stofpadtrappers, 'n sosiale fietsrygroep wat die stofpaaie oos van Pretoria met hulle bergfietse aandurf, het op die vakansiedag van 27 April die pad vanaf Urban Fields op Garstfonteinweg-verlenging na Broodblik en Koffiepit buite Bapsfontein aangedurf.*
*Foto: Verskaf*



SKYLIGHTS
350mm @ R2 999
550mm @ R3 399
700mm @ R5 499

Combo 1
2 x 350mm Skylights @ R5 599

Combo 2
1 x 350mm & 1 x 550mm Skylights @ R5 999

Combo 3
2 x 550mm Skylights @ R6 399

ilangaskylights
&turbine ventilators
082 446 6001 • 012 377 3565
info@ilangaskylights.co.za
www.ilangaskylights.co.za



Benefits of Turbine Ventilators
• Removes heat, fumes, steam & dust
• Improves effectiveness of insulation
• No maintenance / operating cost
• Improves air quality
• Water & dust proof

L&E
INSTALLATIONS & RENOVATIONS
• Maintenance & Services of Wooden & Aluminium Windows & Doors
• Supply of Wooden & Aluminium Windows & Doors
• Steelwork Burglar Bars & Security Gates
• All Home Renovations & Painting
• Any Handy Man Work
Lukas 082 492 4344 | landewood@polka.co.za

Alfa
concrete walls
PRECAST CONCRETE WALLS
GIVE US A CALL FOR OUR MONTHLY SPECIALS
082 950 1980
WWW.ALFAWALL.CO.ZA






# Duik en dans

Eus de Clerk het 'n rympie oor die pleknaamborde in sy foto geskryf:

*Pleknaamborde in Cullinan*
*maak nie vreeslik baie sin.*
*Bronkhorstspruit en Rayton is onder die grond,*
*KwaMhlanga dans bo in die wolke rond.*





# Papnat kat-kenades



*Katte en water is mos nie eintlik maters nie, maar hoe nou gemaak as 'n kat in die nat seisoen oor die weg wil kom?*
*Foto: Theus Badenhorst*


**INVITATION FOR PUBLIC COMMENT FOR SECTION 24G APPLICATION IN TERMS OF THE NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT ACT, 1998 (ACT 107 OF 1998), AS AMMENDED, UNAUTHORISED COMMENCEMNT OF LISTED ACTIVITIES.**

**PROPONENT:** African Clay Painting Contractors Cc
**PROJECT:** Construction of an Unauthorised Storage Building and crop planting
**REFERENCE NUMBER:** TBD with GDARD Application
**DISTRICT OF:** Pretoria, Gauteng Province.
**PROPERTY DESCRIPTIONS:** Portion 36 of farm Rietfontein 395 JR

In 2019 the owners of Ptn 36 of Rietfontein 395 JR constructed a ~520m$^2$ warehouse/storage building without Environmental Authorisation as required in terms of the Listed Activities of the National Environmental Act as well as planting of a 0,89ha portion on the southern side of the property. A Section 24G application to the GDARD is required for the rectification of these activities.

All Interested and/or affected parties are invited to register and review the specialist studies conducted on the site. Should any IAP's require a private/public meeting regarding the above, Amber Earth can be contacted using the details below.

Submit comments to:
**Amber Earth (Pty) Ltd**
**Post:** Post Net Suite 0417, Private Bag X37, Lynnwood Ridge, 0040;
EAP: Mr. Stehan Bouwer stehanb@gmail.com
**Project Manager:** Tim van Stormbroek - (082) 482 6202;
**E-mail** tim@amberearth.co.za **&** EAP stehanb@gmail.co.za

JP Conradie Boerdery BK
• Die Oorspronklike Conradies •
ORGANIESE PRODUKTE
Kantoor: 079 527 7079
Weegbrug: 079 888 6794
Kompos – ideaal vir alle beddings – R396.75/m$^3$
Lawndressing – ideaal vir grasbolaag – R431.20/m$^3$
Potting soil – ideaal vir al jou potplante – R396.75/m$^3$
Landskapmengsel – ideaal vir blombeddings & groentetuine – R379.50/m$^3$
BTW Ingesluit - Selfhaal Pryse
Vir enige navrae of kwotasies, stuur gerus 'n e-pos na
jpconradieboerdery@gmail.com / admin.man@mweb.co.za
www.facebook.com/JPConradieBoerderyBK/
Besigheidsure:
Maandag tot Vrydag:
07h00-12h00 & 13h00-16h00
Saterdag: 07h00-11h00
*Dui asseblief die hoeveelheid wat u benodig aan sowel as die area vir aflewering.*
www.jpconradieboerdery.co.za GPS koordinate: -25.920504 & 28.600459

toeka se dae

# 'n Weduwee, 'n ivoorhandelaar en die storie van Pretoria se oudste huis

*Angie Kleijn*

'n Onopgeloste raaisel is die fokus van hierdie maand se toeka-storie. Dit is die verhaal van 'n weduwee wie se eksekuteurs geweier het dat sy weer trou; 'n storie wat 'n draai maak by grootwildjagters, skatryk ivoorhandelaars en dit wat eens die oudste woonhuis in Pretoria was, 'n huis wat glo 'n heining van olifanttande gehad het, of so lui die oorvertellings.

In Rosa Swanepoel se 'Ou Pretoria-nuusbrief' van Januarie 2006 word daar na 'n advertensie in die Staatskoerant van 25 April 1865 verwys. Almal wat geld skuld, of aan wie geld geskuld word deur die boedel van Casimira Simoens word versoek om hulle rekeninge te vereffen. Dit is deur João Albasini, vise-konsul van Portugal, en Bras Piedade Pereira namens Maria Louisa Simoens onderteken.

In die Staatskoerant van 8 Mei 1866 staan daar dat Maria Louisa Schuurman, weduwee van wyle Casimiro Simoens, kennis gee dat alle volmag deur haar verleen aan die Heer Bras Piedade Pereira herroep word. Sy het PJ Marais en G Steyn aangestel om die boedel te behartig.


*João Albasini* Bron: Wikipedia


*Die Bras Pereira-huis met sy voorkant na Skinnerstraat* Foto: TE Andrews

In die Staatskoerant van 25 Mei 1866 verskyn Goewermentskennisgewing no 47 wat verklaar dat die Goewerment van die Zuid-Afrikaansche Republiek slegs J Albasini en BP Pereira as verteenwoordigers van die erfgename van Casimiro Simoens erken.

Op 29 Mei 1866 verskyn daar weer 'n Goewermentskennisgewing in die Staatskoerant wat lui: Aan alle landdroste in die republiek word bekend gemaakt dat 'n wettige protes ingestuur is teen die huwelik van die weduwee van Casimiro Simoens, gebore Schuurman. Wanneer die weduwee aansoek doen om 'n huwelik te sluit, hetsy spesiaal, of met gebooie, met wie ook al, moet dit ten strengste geweier word. Geteken deur MJ Viljoen, waarnemende president, en H van der Linde, goewermentsekretaris.

In dieselfde koerant herroep João Albasini alle volmagte wat aan Bras Piedade Pereira verleen is rakende die likwidasie van die boedel van wyle Casimir Simoens. Geteken Gert Steyn, agent vir die weduwee. Die saak is glo geskik en in die Staatskoerant van 31 Julie 1866 verskyn Goewermentskennisgewing 80: Protes van die Heer BP Pereira teen die huwelik van weduwee C Simoens word herroep. Geteken MW Pretorius, president, en H van der Linde.

## Schoemansdal

Wyle Casimir Simoens was 'n Goanees vanaf Goa, 'n staat in westelike Indië bekend vir sy Indies-Portugese gemeenskap. Hy is op die destydse Schoemansdal, waar João Albasini en Bras Piedade Pereira ook bedrywig was, begrawe. Bras was sy klerk, skryf OJO Ferreza in 'Schoemansdal: Van Voortrekkervoorpos tot Volksfeesterrein'.

Schoemansdal, aanvanklik as Zoutpansbergdorp bekend, was 'n nedersetting (16 km wes van Louis Trichardt) wat in die tyd van die Groot Trek ontstaan het. 'n Kerk en fort is gebou en benewens die eertydse Voortrekkers, het inwoners van Schoemansdal van alle uithoeke van die wêreld gekom. Daar was Skotte, Iere, Engelse en baie Portugese handelaars, wat gesiene lede van die Boeregemeenskap


*Sloping van die Bras Pereira-huis* Bron: Pretoriana, 047, 1965-1



*Die Bras Pereira-huis, wat in 1865 gebou is, was eens die oudste huis in Pretoria* Bron: Pretoriana 047, 1965-1

geword het danksy hulle huwelike met Boeredogters.

Elke jaar in September en Oktober het olifantjagters hulle jagbuit op die dorp se markplein ten toon gestel en ivoorsmouse het teen mekaar gebie. Volgens J Fleetwood Churchill het hy meer ivoor op Schoemansdal bymekaar gesien as op enige ander plek. Hy het geskryf dat daar in 1856 omtrent 1 000 olifante in die Soutpansberg geskiet is.

João Albasini was self 'n grootwildjagter en ivoorhandelaar en het uitgewerk dat daar jaarliks tussen 70 000 en 80 000 olifantstande ter waarde van £120 000 na Natal en die Kaapkolonie uitgevoer is, plus nog 'n hoeveelheid na Mosambiek. Omtrent 10 300 kg kruit en ongeveer1 800 kg lood is jaarliks gebruik.

Met die loop van tyd het die dorp van 1 800 inwoners die versamelplek van bandelose ivoorjagters geword en wapensmokkelary was algemeen. Ná slegs 30 jaar was Schoemansdal verlate weens aanvalle deur Venda-krygers.

Bras Piedade Pereira het in 1866 'n dranklisensie op Schoemansdal gekry en dieselfde jaar het hy 'n lisensie as rondgaande handelaar in Pretoria gekry. In 1873 het Bras 'n lisensie as inwonende handelaar met 'n winkel in Pretoria gekry.

## Winkel

Dié winkel was op die westelike helfte van erf 382 (411) op Kerkplein. HS Pretorius het erf 411 op 10 Junie 1873 vir £35 aan William Leathern verkoop. Op dieselfde dag het William dit vir £160 aan Jacobus Abraham de Villiers verkoop. Op 7 Augustus 1873 het Jacobus dit vir £300 aan Bras verkoop (Tr. Akte No 1877/323).

Bras het die winkel vanaf 1875 aan die Zeiler-broers verhuur en hulle het £47 en 10 sjielings vir drie maande se huur betaal. Hy het die erf op 17 April 1877 vir £300 aan Woodbine Cloete verkoop. Robert Cottle Green het die erf op 16 Maart 1878 vir £550 gekoop. Robert was die eienaar van die plaas Hatherley aan die Pienaarsrivier, waar De Eerste Fabrieken, die republiek se eerste wettige brandewynstokery, opgerig is. Robert het 'n dubbelverdiepinggebou, 'De Rode Huis', op erf 411 opgerig. Dié gebou het later die


*'De Rode Huis' op erf 411 (heel links op die foto), hoofkwartier van Carsons Red Starline Express Co se passasierkoetsdiens na Kimberley; voor 1889* Bron: Rosa Swanepoel-versameling


*Die materiaal van die huis is aanvanklik bewaar* Bron: Pretoriana, 047, 1965-1; TE Andrews

hoofkwartier vir Carsons Red Starline Express Co se passasierkoetsdiens na Kimberley geword.

## Woonhuis

Benewens die winkel op erf 411, het Bras in 1865 reeds 'n woonhuis op die noord-oostelike hoek van Skinner en Markstraat (Paul Krugerstraat) gebou. CJ Beanes het geskryf dat Bras se seun, PFR Pereira, wat glo 'n kluisenaar was, vertel het dat sy pa aanvanklik 'n heining van olifanttande rondom die eiendom opgerig het.

'n Foto van een van Pretoria se eerste inwonende fotografe, Henri Ferdinand Gros, wys die noordoostelike hoek van Skinner en Markstraat, wat glo as Bras Piedade Pereira-hoek bekendgestaan het. 'n Watersloot en deel van die huis se muur word regs op die foto gesien. Daar is egter geen teken van olifanttande nie. Bras se huis is Fountain Lodge gedoop, weens die fontein wat op sy erf ontspring het.

Voor Bras se woonhuis gesloop is,


*Henri Ferdinand Gros se foto van Bras Piedade Pereira-hoek met Fountain Lodge regs* Bron: Carol Hardijzer

was dit vir 'n lang tyd die oudste huis in Pretoria en die Genootskap Oud-Pretoria het vir baie jare lank probeer om dié huis te bewaar.

In 'Pretoriana' van Julie 1953 het dr Willem Punt, die genootskap se voorsitter, geskryf dat Bras se erf te koop is en dat die laaste voorbeeld van Pretoria se eerste huise vir ewig sal verdwyn as die genootskap nie daadwerklike pogings aanwend om die huis te red nie.

## Herbou

Bras se erf het uiteindelik aan die munisipaliteit behoort en die laaste private eienaar, mev MJ Heydenrych, het die woonhuis aan die Genootskap Oud-Pretoria geskenk. Die huis moes gesloop word, maar die genootskap wou dit by 'n opelug-museum herbou. Hulle het 'n plan van die huis deur Norman Eaton laat optrek en die bakstene, hout en ander materiaal is gestoor om in die heroprigting te gebruik. Die genootskap het stadsraadslid Leo Besaans genader om te help


*Al wat van die huis oorgebly het voor die bakstene weggery moes word* Bron: Pretoriana, 048, Aug 1965

om Fountain Lodge ná sloping te laat herbou en hulle het die munisipale grond by Fonteinedal, waar Lucas Cornelius Bronkhorst se eerste hartbeeshuisie was, voorgestel. Later was daar 'n plan om 'n opelug-museum naby die Voortrekkermonument te stig.

Die genootskap het die boumateriaal, wat op 'n nabygeleë perseel gestoor is, aan die opelug-museum se raad aangebied, maar die aanbod is afgekeur en die genootskap het gehoor dat die materiaal binne 'n week verwyder moes word om plek te maak vir 'n nuwe wetenskap-museum wat daar gebou sou word. Die stadsraad het geen verdere steun aan die projek oorweeg nie en die boumateriaal is vernietig.

Selfs die meubels het later jare soek geraak. In 1962 het die genootskap berig dat meubels uit die Bras Pereira-huis in die Transvaalse museum se stoorkamer gebêre is.

Op 'n bestuursvergadering van die genootskap op 14 November 1977 is 'n lys van dié meubels, opgestel deur dr Davey, ter tafel gelê.

Op die bestuursvergadering van 6 Februarie 1978 het 'n mnr Oberholster berig dat die Transvaalse museum geen rekord van die meubelstukke gehad nie en daar is besluit om navraag by die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum doen.

Na bladsy 16





# Pretoria se oudste huis . . .

*Vanaf bladsy 15*



*Dié foto van ongeveer 1880 wys 'Het Rode Huis' op erf 411 heel links* Bron: Rosa Swanepoel-versameling



*'n Tipiese vroeë Zoutpansberg-toneel met ivoor* Bron: Zoutnet

Uiteindelik, op die bestuursvergadering van 11 September 1978, is daar berig dat 'n klavier en tafel, wat nie herstel kon word nie, gevind is. Op die vergadering van 3 Oktober 1978 is berig dat die Bras Pereira-stoel opgespoor is en 'n mnr Lombard is gevra om die stoel te restoureer.

## Brand

In 1960, lank voor die meubels 'verdwyn' het, was daar 'n brand by die Bras Pereira-huis en lede van die Genootskap Oud-Pretoria het gehelp blus. Die brandweermanne het die huis se ou rietdak verwyder en tussen 'n laag modder, as, slym, nat tydskrifte en fragmente van boeke is 'n belangrike reeks rekords gevind.



*Die binnekant van die huis met sloping* Foto: TE Andrews



*Militêre parade in 1877. Die ou Goewermentsgebou, links, en die European Hotel langs dit met 'De Rode Huis', die dubbelverdiepinggebou op erf 411, oor die hotel se dak sigbaar* Bron: Rosa Swanepoel-versameling

Rosa Swanepoel se nuusbrief dui aan dat joernale en grootboeke van Bras se onderneming, van 1867 en 1880, gevind is en dat dit dag-tot-dag transaksies met die Pretoriase gemeenskap en klante vanaf die Soutpansberg ingesluit het. 'n Briefboek is ook gevind wat kopieë van briewe wat in Schoemansdal geskryf is, bevat het. Een van die boeke was Bras se rekords vir wanneer iemand "op die boek koop". So het Hendrik Schoeman in April 1870 "8½ ell tafeta en 3 ell molvel" vir £1 1/6 gekoop saam met "6 reel cotton en 1 lb. Sugar" vir 4 sjielings. Daar was ook 'n rekening vir die Goewerment van die ZA Republiek. Van die inskrywings is 13 Junie 1870: "12 lb. Brass wire per landdrost DP Marais vir £3 en 13 April 1870: 2½ lb. Sugar candy per H Jeppe vir 12/6".

'n Kontrak, gedateer 8 Mei 1866, tussen die weduwee ML Simoens en bou-aannemer William Skinner (wat saam met die Devereux-broers die eerste kerk op Kerkplein gebou het) vir die bou van 'n huis vir £300, is tussen die papiere gevind. Daar is 'n beskrywing en getekende plan van die huis, maar net 'n oop ruimte waar die erfnommer en straatnaam ingevul moes word. Was dit die huis wat sy vir haar nuwe man wou bou in die huwelik wat Bras en João Albasini ten alle koste wou keer?



*Die eerste Goewermentsgebou, links, met die European Hotel langs dit en 'De Rode Huis' op erf 411 agter die hotel*
Bron: Skets deur Ida Mae Stone, 15 Maart 1888



*Skildery van Pretoria in 1856 deur Marianne Churchill* Bron: Rosa Swanepoel-versameling


**Twee aangrensende plase te koop in die Noord-Kaap, distrik Calvinia**

**Breekbeenkolk** 5 000 ha – Veld – Gemengde Gras en Bossieveld

Hierdie plaas val in 'n ander klas as omliggende plase – gevestigde Olyfbome, Granaatbome, verskeie variëteite Turksvye – gesofistikeerde drupbesproeiingstelsel – geregistreerde bo-grondse en ondergrondse waterregte – Sentrifugale pomp uit opgaardam 30 000 lpu met 3-fase sonkrag

- Woonhuis met sonkrag en songeyser – onlangs nuut bedraad – COC sertifikaat beskikbaar
- Werkershuis met sonkrag en songeyser – COC sertifikaat beskikbaar
- *Implemente en Toerusting ingesluit* as 'n lopende saak - moderne olyfpers en toebehore en mobiele kragopwekker (15kva) Toerusting vir besproeiing, sonpompe en pypleiding – op aanvraag
Objektiewe waarde van Implemente, Toerusting en Besproeiingstelsel is meer as R3m.

**Prys: R6.8 m** (*Onlangse foto's op aanvraag*)

Spesiale aanbod: **Geldig vir 3 (drie) weke vanaf datum: Ingesluit by koopprys is 200 Meatmaster jong ooie met 6 ramme – meerderheid reeds dragtig.**

**Voëlvlei** 5 000 ha – Veld – Gemengde Gras en Bossieveld

- Met vleie en Gannaveld
- Moderne woonhuis met sonkrag en songeyser


**Prys: R4.3 m** (*Onlangse foto's op aanvraag*)

Spesiale aanbod: **Geldig vir 3 (drie) weke vanaf datum: Ingesluit by koopprys is 100 Meatmaster jong ooie met 3 ramme.**

Kontakbesonderhede: E-pos: mnbooysen@ott.co.za • Tel nr: 012 807 7611 (08h00-17h00 weeksdae)





# Alien Invasive Plants: Jerusalem cherry


Plant


Flowers and leaves Photos: Louise Kritzinger

***Solanum pseudocapsicum* (Jerusalem cherry / Jerusalemkersie)** is a listed Category 1b alien invasive plant species in terms of the 2014 Alien and Invasive Species Regulations of The National Environmental Management Biodiversity Act (NEMBA) (Act No. 10 of 2004). Land owners are compelled to control and eradicate it as far as possible from their properties.

**Origin:** Jerusalem cherry is native to Central and South America, as well as the West Indies. It was introduced to South Africa as an ornamental plant due to its attractive bright red berries, which look very similar to cherry tomatoes and should not be confused with them. The plant has also become naturalised in other parts of Southern Africa, as well as in South-East Australia, New Zealand, India, Hawaii, and the USA. In South Africa, it is widespread, except from the drier parts of the Western Cape and the Northern Cape.


Ripe fruit


Unripe fruit

**Description:** A member of the *Solanaceae* (nightshade) family, it is an unarmed, hairless, evergreen, low shrublet, between 0.5 and 1.2 m high, mostly found in the deep shade of trees and shrubbery.

The plant bears similarity to the chilli plant (*Capsicum* spp.), and the berries strongly resemble cherry tomatoes. Leaves are dark green, elongated, and slightly wavy. Flowers are small, white, and star-shaped, with protruding bright yellow anthers typical of the nightshade family. Shiny round berries (15–20 mm across) mature from green to bright red and are very noticeable during autumn. The berries contain several light yellow, flattened seeds, which are spread by fruit-eating birds. However, the berries are poisonous to most pet birds, especially parrots.

**Impact:** Jerusalem cherry is common in disturbed areas, such as neglected urban areas, waste sites, and gardens (especially shady areas), as well as moist areas like riparian zones and drainage lines. It is cold hardy and can create dense mono-stands in shaded areas and among indigenous undergrowth, impacting local biodiversity. It is also considered a noxious weed, containing the toxin solanocapsine in the fruit, which is moderately poisonous to people, animals, and parrots.

**Control methods:** Jerusalem cherry can be controlled chemically by foliar application of triclopyr. Mechanical control can be implemented by pulling plants from the soil; however, care should be taken to loosen the soil (not till it) by lifting with a fork, as the soft roots have a tendency to break off. No biological control agents have been identified by the Agricultural Research Council (ARC) as yet.

**Indigenous alternatives:** *Clivia miniata (Clivia / boslelie), Asparagus densiflorus varieties* (Foxtail fern / jakkalsstert); *Scadocus puniceus* (paintbrush lily / poeierkwas); *Pseuderanthemum hildebrandtii* (Brick red Pseuderanthemum), *Carissa macrocarpa* (big num-num / grootnoemnoem), *Ochna serrulata* (Micky Mouse bush / fynblaarrooihout).

**Visit www.invasives.org.za for more information on alien and invasive plant and animal species.**

**This article was sponsored by the Friends of Faerie Glen Nature Reserve**





## Mampoerfees 2026

### – A Day of Flavour, Music, and Farm Nostalgia

Mark your calendars for **Saturday, 6 June 2026!** The annual Mampoerfees at the DITSONG: Willem Prinsloo Agricultural Museum promises a full day of entertainment for the whole family.

**Music & Entertainment:** Enjoy farmer bands and popular artists such as Joey Lane, Nico J, and Luaan throughout the day. The afternoon highlight is the legendary **The Staccatos**, guaranteed to get your feet moving.

**Cars & Farming Heritage:** Car enthusiasts can look forward to the famous **Mampoer Rally**, plus an exhibition of vintage cars, tractors, engines, and farm implements. The BeetleManiacs invite all Beetle and Kombi owners to join in, while Pretoria Caravans and Camping will showcase caravans, trailers, and camping gear.

**Museum Experience:** Step back in time at the DITSONG: Willem Prinsloo Agricultural Museum. Explore ox wagons, horse-drawn carts, and historic farm tools, and visit the 1800s homestead with its original bread oven. For extra fun, enjoy rides on oxcarts, tractors, horses, camels, and ponies.

**Food & Crafts:** From smoked meats and fresh breads to jams and diverse food stalls, there's something for every taste and budget. Art lovers will find handmade products, arts & crafts, and stalls hosted by local churches from Cullinan, Rayton & Bronkhorstspruit.

**Activities:** For the active crowd, there's a mountain bike trail plus jogging and walking opportunities. For the family, **Boer Dra 'n Vrou** will provide much sports. And don't miss **Doggy Hour at 11:00**, presented by SA Animal Cancer – bring your pooch along to join the fun!

**Tickets**
- Adults: R80 · Schoolchildren & Pensioners: R40
- Preschool children & dogs: Free

Come hungry, bring the family, and enjoy a truly South African winter's day filled with music, history, delicious food, and farm fun.

*See you on 6 June 2026 at the Willem Prinsloo Agricultural Museum's annual Mampoer Festival!*






# Die Bronberg se klippe word al eeue lank gebruik


*Klipstrukture in die bewarea*
*Foto: Bronberg Bewarea*

Die Bronberg word vir miljoene jare reeds bewoon en klipgereedskap, wat meer as twee miljoen jaar oud is, is al in die Bronberg-bewarea gevind. Het die klipstapels, wat op die Bronbergrif in dié bewarea afgeneem is en op hierdie uitgawe se voorblad pryk iets met die oertyd te doen?

Of dateer dit dalk 126 jaar terug en het iets met die Anglo-Boereoorlog te doen? Die Slag van Donkerhoek (Diamond Hill) was van 11 tot 12 Junie 1900 en het op 'n verdedigingslyn van 40 km, honderde verskansings nagelaat.

Verskansings wat in oploop na die Slag van Witpoort op 16 Julie 1900 gebou is, is vandag nog op die Bronberg te siene vanaf Zwavelpoort en Tierpoort tot by Witpoort te siene. Bevestiging of die skanse aan Boer of Brit behoort het, is in oorblyfsels soos koeëls, helmets, doringdraad, stukke sinkplaat, blikkies en stewels gevind.

Die raaiselagtige klipstapels op die Bronnie se voorblad kom nie uit die Anglo-Boereoorlog of die oertyd nie. Dit het ook niks met die Ndebele-mense, wat in die 1800's hutte en krale op die Bronbergrif gebou het, te doen nie.


*Klipstapels in die Bronberg-bewarea*
*Foto: Hein de Wet*

Volgens Hein de Wet, wat die voorbladfoto geneem het, is die stapels klip vir klip oor die dekades heen deur 'n egpaar, wat 60 jaar gelede uit België hierheen getrek het, gepak. Dié egpaar, wat graag anoniem wil bly, het as jongmense hier aangekom en het elke keer as hulle gaan stap het, nog 'n klip op die stapel gesit. Hulle is vandag in hulle tagtigerjare.

Ander stappers op die Bronbergrif in dié bewarea het al klippe, wat tekens van primitiewe afvlakking uit die Vroeë Steentydperk toon en klip-gereedskap uit die Middel Steentydperk, opgetel.

Die Steentydperk strek van ongeveer 2,5 miljoen jaar gelede tot ongeveer 3 500 vC en bestaan uit die Vroeë Steentydperk (Paleolitikum), Middel Steentydperk (Mesolitikum of Epipaleolitikum) en die Laat Steentydperk (Neolitikum).

Terreine uit dié tydperke asook die Ystertydperk kom in ons kontrei voor, volgens Anton Carl von Vollenhoven se tesis, genaamd "n Voorgestelde paradigma vir navorsing op histories-argeologiese erfenishulpbronterreine in Suid-Afrika aan die hand van gevallestudies in noordelike Gauteng'.

Daar word beraam dat die eerste mensgemaakte struktuur ongeveer twee miljoen jaar gelede in Afrika gebou is. Dit het uit eenvoudige rangskikkings van stene, wat takke in sekere posisies moes hou, bestaan. Kringvormige kliprangskikkings van sowat 500 000 jaar oud is ook ontdek.


*'n Klipstruktuur met 'n uitsig vanaf die Bronbergrif*
*Foto: Bronberg Bewarea*


*Klipgepakte sirkelstrukture op die berg in die Bronberg-bewarea*
*Foto: Bronberg Bewarea*

Anton sê dat twee Vroeë Steentydperkterreine rondom Pretoria bekend is en die een is in ons kontrei: die Vroeë Acheulterrein by die Willem Prinsloo Landboumuseum naby Rayton. Die klipwerktuigkultuur se internasionale benaming, 'Acheuliese kultuur', verwys na Saint-Acheul, 'n dorpie in Frankryk waar soortgelyke werktuie eerste gevind is.

Volgens Anton se tesis is daar drie terreine uit die Middel Steentydperk, van 200 000 tot 300 000 jaar gelede, rondom Pretoria. Twee daarvan kom in die Bronberg voor. Uit die Laat Steentydperk, sowat 40 000 jaar gelede, is daar drie terreine rondom Pretoria bekend en verskeie werktuie uit die latere fase is op Donkerhoek en Pienaarspoort opgetel. Steentydperkterreine, waarvan die spesifieke fase nie deur die skrywers aangedui word nie, is by 'n terrein op Donkerhoek en verskeie plekke op die plaas Zwartkoppies, wat eens aan Sammy Marks behoort het, gevind.

Suid van die Magaliesberg is die volgende Laat Ystertydperkterreine gevind: 'n terrein en rotsgravures op Mooiplaats; drie terreine op die plaas Hatherley, wat Alois Hugo Nellmapius eens van Robert Cottle Green gekoop het; verskeie terreine op die buurplaas Zwartkoppies; twee woonterreine en verskeie inisiasieterreine op die Bronberg in Zwavelpoort en Tierpoort.

Klipmure is ook op Hatherley gevind.


*Klip-gereedskap in die bewarea uit die Middel Steentydperk*
*Foto: Bronberg Bewarea*


## PASSIONATE ABOUT YOUR EYES

Vir enige navrae en om 'n afspraak te maak, skakel ons vandag

| ONS DIENSTE | OUR SERVICES |
| --- | --- |
| Katarakte | Cataract Surgery |
| Gloukoom | Glaucoma |
| Swak / dubbel visie | Poor / Double Vision |
| Diabetes / Hipertensie | Diabetes / Hypertension |
| Pynlike / Jeukerige oë | Painful / Itchy eyes |
| Rooi / Droë oë | Red / Dry eyes |
| Ooglid Abnormaliteite | Eyelid Abnormalities |
| Keratokonus | Keratoconus |
| Miopie / Hiperopies | Myopia / Hyperopia |
| Astigmatisme | Astigmatism |
| Kinders met skeel oë | Children with squint eyes |

AllAboutEyes
OPHTHALMOLOGISTS | OPHTHALMIC SURGEONS



012 021 0354 www.allabouteyes.co.za Monday - Friday 08H00 - 16H30
Linton's Corner Retail Park; Solomon Mahlangu drive & Lynnwood Road; Silverlakes

# Walliese 'haas' is tong-in-die-kies vir kaas

***In 'Mymerkos' hoor ons graag van lesers oor resepte wat heimwee wakker maak. Lesers is welkom om vir ons 'n ou familieresep te stuur saam met 'n foto van die ma of ouma wat die resep 'n familiedis gemaak het of 'n foto van hoe so 'n dis lyk.***

Die eerste opgetekende gebruik van die term 'Walliese haas of konyn' (Welsh rabbit) was reeds in 1725 en dit is eers in 1781 wat 'Welsh rarebit' in dokumente genoem word. Die oorsprong van die naam was glo 'n grap omdat dié gebraaide kaasbroodjies glad nie haasvleis bevat nie.
Die grap is volgens oorlewering neerhalend deur die Engelse gebruik. Blykbaar wou die Engelse sê dat die naaste ding aan haasvleis wat 'n Wallieser kon bekostig, gesmelte kaas op roosterbrood was.




*'n 'Bokhaas' of 'goue bok'*
Foto: Wikipedia



*Walliese haas met spek by Madame Fromage in Cardiff*
*Bron: Kacie Morgan; 'The Rare Welsh Bit'*

Op dieselfde manier het die Engelse na Walliese kaviaar verwys as hulle praat van "laverbread", 'n eetbare seewier, "laver", wat in Wallis as tradisionele dis bedien word. Hulle het kalfsvleis "Essex leeu" genoem, kippers was "Norfolk kapoen", aartappels was "Ierse appelkose", bulle se testikels is "Rocky Mountain oesters" genoem en roereier en ansjovis was "Scotch woodcock".

In 1785 het die oudheidkundige, tekenaar en samesteller van 'n leksikon (woordeboek), Francis Grose, 'n "Welch rabbit" as 'n "Welch rare bit" gedefinieer. Hy het 'A classical dictionary of the vulgar tongue' in 1785 gepubliseer en 'A provincial glossary, with a collection of local proverbs, and popular superstitions' in 1787.
"Welsh rabbit of rarebit" is waarskynlik aan die Walliesers toegeskryf omdat hulle baie van gebakte




*'Welsh rabbits'*
*Bron: beeretseq.com; Oorspronklike in Library of Congress, gedigitiseer deur Internet Archive*



*Die ontdekking van minerale het Walliese mynwerkers na Suid-Afrika laat stroom*
*Foto: Jackie Grobler-versameling; Weet*

of geroosterde kaas ("caws pobi" in hulle taal) hou. Suid-Afrikaners sou dié eetgewoonte gedurende die goudstormloop, leer ken het. Ervare mynwerkers van regoor die wêreld, insluitend groot getalle uit Wallis, het hierheen gestroom.
'n Walliese geoloog, John Davis, was een van die eerstes wat in 1852 goud naby Krugersdorp gevind het, hoewel die trekleier, Louis Trichardt, reeds in 1836 in sy dagboek geskryf het oor die goud wat plaaslike inwoners in die spruite gewas het.
Selfs in ons kontrei was daar goud. Kapenaar, Pieter Jacob Marais, het op 8 Oktober 1853 in sy dagboek aangeteken dat hy 'n bietjie goud in die Jukskeirivier gevind het en 'goud' is selfs in 1875 in Pretoria ontdek toe die 14-jarige Bernard Meintjes, seun van JJ Meintjes, Registrateur van Akte, 'n klippie "met 'n geel stippel" opgetel het.
Die Witwatersrandse ontdekking van goud, wat die meeste Walliesers hierheen gebring het, word amptelik as 1886 gegee. Daar was ook sterk Walliese gemeenskappe in ander goudvelde, soos Pelgrimsrus. Soveel Walliese mynwerkers het by die 'Transvaal Gold Mining Estates' gewerk dat Walliese manskore en sokkerklubs gestig is.
Hulle resepte vir die Walliese haas het kaassous, wat bier, mosterd of Worcestershire-sous ingesluit het, versier met rooipeper of paprika op geroosterde brood aangedui.



*Hannah Glasse se kookboek, 'The art of cookery', se 1777 uitgawe*
*Bron: Wikipedia*



*Francis Grose*
*Bron: Gravering deur Francesco Bartolozzi (1787); Wikipedia*

In haar 1747 kookboek, 'The art of cookery', skryf Hannah Glasse oor "Scotch rabbit", "Welsh rabbit" en twee weergawes van "English rabbit".
Om 'n Skotse haas te maak, rooster jy die brood aan albei kante, botter dit, sny 'n stuk kaas, rooster dit aan albei kante en plaas dit op die brood, sê Hannah. Die Walliese haas word op 'n soortgelyke manier gemaak, maar jy kan mosterd opsmeer. Met die Engelse haas week jy die geroosterde brood eers in rooiwyn en sny daarna kaas oor



*Francis Grose se 'Antiquities of England and Wales'*
*Bron: Liam Quin; Wikipedia*

die brood. Jy sit dié lot in 'n blik voor die vuur.
In nog 'n variasie van 'n Engelse haas uit die 1700's botter jy 'n bord, sit die kaas daarop, voeg witwyn by, sit nog 'n bord bo-oor, en plaas dit vir 'n paar minute oor warm kole. Roer dan mosterd by, sit dit op die brood en rooster met 'n warm graaf. Bedien met 'n eier bo-op en dan word jou Walliese haas 'n 'bokhaas' of 'goue bok' genoem. As dit met tamatiesop gemeng word, is dit 'n blosende konyn.

## "Welsh rarebit"

Ons gebruik 'n resep wat twee mense bedien deur Kacie Morgan van 'The Rare Welsh Bit'.
**Bestanddele:** 250 g cheddar kaas / 70 ml bier / 1.5 eetlepel Worcestershire-sous / 20 mg soutlose botter, gesmelt / 1 eetlepel Engelse mosterd of 1 teelepel Engelse mosterdpoeier / 4 dik snye brood.



*Só lyk 'n Walliese haas* Foto: Wikipedia

**Metode:** Rooster die brood liggies.
In 'n medium-grootte mengbak, meng die gerasperde kaas, bier, botter, Worcestershire-sous en Engelse mosterd. Meng tot dit deeglik gekombineer is.
Smeer 'n goeie laag van die mengsel oor elke sny roosterbrood en maak seker dit bedek die korsies ook. Plaas elke sny in 'n bakplaat en sit die plaat direk onder jou oondrooster vir vyf minute of tot goudbruin.
Verwyder uit die oond, sny elke sny in die helfte en bedien warm met 'n groen slaai of vrugteblatjang.



*Walliese haas met ham op borrieroosterbrood by Broken Dock, Bristol*
*Bron: Kacie Morgan; 'The Rare Welsh Bit'*







# Deur die lens van ons lesers

**In 'Leserslens' plaas ons foto's wat die aard en gevoel van die Bronnie se verspreidingsgebied uitbeeld, soos gesien deur die lens van ons lesers. Jy is welkom om jou foto's te stuur aan info@bronberger.co.za of om dit op ons Facebook-blad te plaas. Beskikbare ruimte bepaal hoeveel foto's ons in 'n uitgawe kan gebruik. Ons bêre alle foto's en poog om soveel moontlik in opvolgende Bronnies te publiseer.**



*Vroegoggend se mis aan die soom van die hoëveld  Foto: `Alet Erasmus*


*Pierre Swart het dieselfde weerverskynsel as Tobie raakgesien*


*Winter is op pad. Hein de Wet het die foto by Bronberg-bewarea geneem*


*'n Swartoogtiptol voor Albert Bester se kameralens*



*Ronéll Henry het die warm herfskleure bewonder*


*Tobie Erasmus het dié besonderse weerverskynsel op Zwavelpoort afgeneem*


*Nog 'n prag sonondergang op Cullinan Foto: Eus de Clerk*



*Eus de Clerk het dié blombesoekertjie raakgesien*


*`Alet Erasmus sê die blommetjies het "gevra" vir 'n foto*


*"Ons speel vroegoggend wegkruipertjie in die pyp," sê Eus de Clerk oor dié foto wat hy geneem het*


*Helena Potgieter het een van haar gunsteling roostuin-inwoners afgeneem*


*Moederliefde bly maar 'n wonderlike ding Foto: Eus de Clerk*


*Emma Koekemoer het dié sonsondergang verewig*


*Dagbreek oor Tierpoort Foto: Retha Sisler*


*'n Spinnekopweb ná die misreën Foto: Pieter Krige*


*Dié perdeby het in Pieter Krige se blomtuin gekuier*









# Pets generally cope well with blindness

**Dr Liesel van der Merwe is a small animal medicine specialist. Send her your questions: info@bronberger.co.za.**



We are often very distressed when our pets go blind, but they can generally cope well without being able to see. It is not painful, unless there is a problem within the eye itself, such as glaucoma, where removal of the eye (enucleation) is indicated.

There is no hope for vision in these eyes and there is no humane reason to keep a chronically painful eye just for aesthetic reasons. Your pet will be happier eyeless and it will also take less daily care with cleaning and drops.

Most blind animals will show a rapid adjustment to their environment. Blind dogs make better use of their other senses and the senses of smell and hearing in a dog are far superior to that of humans.

There are some simple things to do to improve the life of a blind pet. It is a good idea to get your blind pet a companion, which often acts as 'guide dogs' for the blind animal. Increased activity will also lead to more rapid learning of the environment.

Don't rearrange furniture, as your pet will bump itself, become disoriented and then trust itself less – negatively affecting mobility. Close cupboard doors and put chairs under the table.

Don't pick up your pet and put him down in another part of the house. This can be confusing. Allowing your pet to move around freely in the house allows him to map out the area.

Talk to your dog often. Let him know where you are and give a simple typical verbal cue before you touch him. Small bells or charms can be attached to the collars of other pets to alert the blind dog to their approach.

For dangerous areas such as steps, either place non-slip carpeting to warn the dog that he is at the top of the stairs, or place baby gates to barricade them off. If the flight of stairs is short, place a ramp with sidings.

Watch out for the swimming pool. Rather fence it in. Even if your dog can swim, he may become disoriented. Put food and water down in exactly the same place every day as a site of reference for your pet. If he becomes disorientated, take him to his basket or food area as a landmark.

Drinking fountains work very well, as the sound of water helps with orientation. The surface on which the food is placed, a mat or plastic runner, will also provide tactile input.

A large carpet without any furniture on it can become a 'safe' play area for a smaller blind dog. He can feel where the carpet ends and will know that within that square there is no risk of bumping into things or falling.

Try different scents in each room.

Toys with squeakers and with special scents are ideal as the dog is now relying on scent and smell.

Place a wind chime at the front or back door to allow dogs to locate the doors more easily.

Let other people know that your dog is blind – a bandana or vest with "I am blind" will help. People will then be more aware not to just reach out and touch your pet. Rather avoid contact with visiting young children who will not understand.

Don't underestimate how dogs use their remaining senses to compensate, but apply practical steps to help them and allow them to be confident in their environment.

Don't allow them to live in isolation if their sight, hearing and cognitive faculties are no longer optimal.















Bronnie van den Berg



# Toe blaas die Ingelsman die aftog

Engelse, Hanskakies en ander ongewenstes het destyds dikwels na daardie deel van die Waterberge as die "backveld" verwys. Die 'bekveld', sou deurtrapte Waterbergers sê. Want in die Waterberge van weleer, was Engels nie groot nie. Die naaste wat die meeste inwoners van dié mooi wêreld in 'n leeftyd aan die Rooitaal sou kom, was die gereelde dosisse Engelse sout waarmee hardnekkige kwale reggesien is.
Dis daar waar Eugène Marais na die rysmier en bobbejaan se siele loop soek het en waar hy dokter-dokter met sy verbode wondermiddels onder die boere en veral onder hulle vrouens gespeel het. En dit is daar waar Hennerik van Vore 'n bestaansboerdery bedryf het – net soos sy voorgeslagte van toet af dit gedoen het en sy nageslagte dit vandag nog doen.
Hulle vertel dat ou Hennerik van Vore sy lewe lank net twee Engelse woorde geken het; 'dêmmit' en 'foksterriër'. Daarom kon 'n mens verwag het dat dinge sou lol toe die Ingelsman op Skuinskloof begin kuier. Die ander rede vir 'n aardigheid met die verwaande, oorlamse Ingelsman se gekuier was natuurlik dat daardie deel van die Waterberg gewemel het van die bittereinders. Ou Hennerik was self 'n verbitterde bittereinder en die Ingelse oorlog was nog baie vars in die geheue.
Nou was Hennerik en Saar van Vore geseënd met 'n hele string kinders. Daar was nie veel werk op Skuinskloof om 'n man besig te hou nie en van alternatiewe vermaak was daar nie eintlik sprake nie. Elf klein Van Voretjies was die gevolg. Hiervan was 'n volle tiental seunskinders met Hannie die enigste hennetjie in die nes.
Anders as die ou uitskotbulletjie op Skuinskloof, was Hennerik by uitstek suksesvol wat die kwantiteit betref, maar nes die ou optelbulletjie was die kwaliteit nie juis na wense nie. Die seuns was almal half 'stadig' met weinig 'n fluks haar op die tien koppe te tel. Hulle kon ook allermins as 'mooi van aansig' beskryf word en die monde het permanent oopgehang.
Die mense het bespiegel dat iets in die gene teenwoordig is wat veroorsaak dat die rugvelle te kort is. As die mond toegemaak sou word, sou dit tot gevolg hê dat die agterent ooptrek.
Maar Hannie was van 'n heel ander aansien en aard. Sy het iewers in die middel van haar bondel boeties in die wêreld gekom. Slim en fluks, was die kind en gou het sy bekend geraak as 'Mooi Hannie', die dogter van Hennerik en Saar Skuinskloof.



Sommiges het agterhands gefluister dat Sollie, die reisende smous, iets met Hannie se andersgeit te doen gehad het. Diegene wat dit gesê het, het op die maande voor Hannie se aankoms teruggeloop en daarop gewys dat Sollie juis in daai tyd op Skuinskloof aangedoen het, toe Hennerik saam noorde toe is om olifante te loop jag.
Maar hoe dit ook al sy, Hannie was mooi en slim en fluks en anders as die ander inwoners van die gebied, kon sy meestal verstaan as die Ingelsman praat en kon sy selfs 'n bietjie terugpraat, sodat die Ingelsman kon verstaan.
Die eerste keer wat die klein Collins wou kom kuier, het Hennerik hom met die 12-boor in die hand oortuig dat dit nie 'n haalbare plan is nie. Maar toe raak Hannie baie opstandig en dreig met wegloop en erger en op die koop toe het die predikant dié Sondag gepraat oor naasteliefde en vergifnis en goed en jou werklik gesê dat dit ook vir Ingelsmanne geld.
Hennerik was glo platgeslaan, maar in 'n hoek. En die Ingelsman se opsittery het begin. Maar as die klein Collins gedink het dit gaan 'plain sailing' wees, dan het hy nie rekening gehou met Mooi Hannie se span 'stadige' boeties nie. Nie dat daar veel kwaad en moedswil in die klomp was nie, maar 'n gebrek aan nuuskierigheid en dikvellige volharding was nie een van hulle baie swakhede nie.
Van die begin af kon Hannie en haar Ingelsman hulle nie draai nie, of een van die Van Vore-seuns was byderhand. As hulle saans by die kers op die bank wou sit, het een of meer oopmond na hulle gesit en staar. As hulle in die veld gaan stap het, was dit of een agter elke klip of boom geskuil het. En selfs die paar keer wat die Ingelsman vir Hannie met sy spoggerige trêppie dorp toe gevat het, het Hennerik daarop aangedring dat een van sy seuns moet saam om 'voor die perd te staan'.
Só het dit aangehou tot die Ingelsman, wat dit net nie meer kon uitstaan nie, uiteindelik die aftog geblaas het en vir Hannie met 'n gebroke hart agtergelaat het.
Daarná, as kuiermense saam met hom op die stoep gesit en koffie drink het, het Hennerik glo met deernis in sy oë gekyk na sy klomp 'stadige' seuns wat nutteloos op die plaaswerf rondlê en dan met 'n behaaglike sug laat hoor: "Ja, alles gebeur met 'n doel . . ."
***– Gerhard Kleijn; Mei 2012.***









# Let them

Your job isn't to manage other people's feelings. Let people react. Let them process. Their feelings belong to them and peace isn't about controlling how others respond. It's about standing calmly in your own energy while allowing space for theirs.
So says Leslie Potter. She writes that when we confuse emotional experience with responsibility, we end up raising children – and becoming adults – who believe that honesty is dangerous and that love requires careful emotional management.
As podcaster and motivational speaker, Mel Robbins, talks about in her book, 'The Let Them Theory', a lot of our stress comes from trying to manage things that aren't really ours to manage. She says that we allow other people's emotional reactions to control our decisions. It starts with guilt. Then fear of hurting them. Then slowly, their emotions become your responsibility.
Leslie says that many of us were praised for taking others' needs into account, often long before we had language for our own experience. Over time, we learned that maintaining harmony mattered, sometimes more than expressing what was true for us. The problem is that when these early strategies continue unchanged into adulthood, they can quietly organize our relationships in ways that leave us disconnected from ourselves.
Cornelia Elks says that there's a gentle art to knowing where you end and where the world begins. In setting boundaries, you're unlearning patterns of overextension. You're teaching your nervous system that safety can coexist with honesty. We often think of boundaries as harsh lines, but they can be soft, graceful and kind, Cornelia says. Soft boundaries don't shut people out; they simply keep you whole. They don't have to be dramatic, but can live in the everyday choices that shape your energy. Boundaries aren't barriers; they're balance. They protect the space where your identity, energy and peace live.
Even when you know you've done the right thing, setting boundaries can bring guilt. But, allowing guilt to drive your decisions gives others control over your life. As Melody Beattie says: "Much of the time, the things we feel guilty about are not our issues. Another person behaves inappropriately or in some way violates our boundaries. We challenge the behaviour, and the person gets angry and defensive. Then we feel guilty."
Lesley says she often sees that people who are generous, thoughtful and deeply relational keep orienting outward, trying to be loving and kind, while something inside them feels overlooked or undernourished.
"This can turn into a subtle but persistent effort to prove one's worth, especially in intimate relationships, as if love might finally arrive once they've done enough. It usually doesn't. Not because something is wrong with them, but because love doesn't grow in the space where we're managing other people's emotional experiences. It grows when we're willing to stay present with our own," Lesley says.
When you stay present, you might just see that what looks like protecting others from their emotions could be an attempt to avoid your own feelings. Because their disappointment, sadness or rage can be deeply uncomfortable to be with, I rather manage the moment by adjusting myself, retreating just enough to avoid that internal discomfort.
"When you notice the impulse to protect someone from their feelings, the work isn't to push past it or judge it. It's to turn inward and get curious," Lesley says. "What am I unwilling to feel right now? What emotion or sensation am I trying to avoid by staying quiet or being careful? What happens if I let myself stay here instead of immediately taking care of them?"
Lesley explains that this isn't about becoming cold, uncaring, insensitive or harsh. It's about allowing emotional responsibility to return where it actually belongs. You stop organizing your life around preventing discomfort.
As Mel Robbins says: Stop trying to control what others feel, think, say or do. Because the moment you release that grip, you get something powerful back – your own energy, focus and peace.
So, girlfriend, repeat after me: Let them. Let them feel what they feel. Let them be who they are. Let them think what they think. And now say: Let me. That's where the genuine journey starts. ***– Angie Kleijn***






STEELMATE
SERVING THE EASTRAND SINCE 1975

# FAIRLEADS BENONI






We stock a large variety of steel products, square tubing, round tubing, rectangular tubing, flat bar, angle iron, beams, channels, sheets, plates, fencing and a selection of stainless steel & aluminium.

Suppliers of industrial hardware, welding equipment, safety gear, fasteners, bolts & nuts, cutting, paint, water tanks, pumps, water purifiers and electrical & plumbing supplies.






**www.steelmate.co.za**

| BOKSBURG | APEX | SPARTAN | WADEVILLE | FAIRLEADS |
|---|---|---|---|---|
| HEAD OFFICE | BRAKPAN | KEMPTON PARK | GERMISTON | BENONI |
| 011 897 9860 | 011 421 9640 | 011 974 0982 | 011 902 1970 | 010 235 0033 |
| 0861 0861 23 | 011 421 4037 | 011 974 3444 | 011 902 1657 | 010 235 0182 |
| sales@steelmate.co.za | apex@steelmate.co.za | spartan@steelmate.co.za | wadeville@steelmate.co.za | fairleads@steelmate.co.za |
| 16 Top Road | 4A Main Reef Road | 26 Plane Road | 454 Davidson Road | 513 Pretoria Road |
| ANDERBOLT | ANZAC | SPARTAN | WADEVILLE | FAIRLEADS |

# STUMBELBLOC
## PRETORIA (PTY) LTD

**HOUSES ■ STORE/WORKSHOP ■ BOUNDARY WALLS ■ GARDEN BEDS**









**Easy Construction Done - HALF THE TIME**

**NO MORTAR REQUIRED**

**DIP & PACK**







**No Lintels Required**







**THE HOLLOW BLOCK OFFERS THERMAL QUALITIES**

**We Supply Small or Large Quantities**

**OUR BLOCKS ARE TESTED AND ARE NHBRC COMPLIANT**







@ Stumbelblocpta
www.stumbelbloc-pta.co.za

T: 012 943 4943 C: 061 538 4891
E: admin@stumbelbloc-pta.co.za

Ease constipation naturally with

# PROGAST COLON CLEANSE

## NOW IN TWO FORMULATIONS

From the trusted **Capsules** to the innovative **new Effervescent!**

Synergistically balanced with natural ingredients.

This **7-day detox** is gentle, effective, and refreshing. Lightness you can feel.

**Indications**: Occasional constipation, bloating and digestive discomfort, short-term detoxification.

At night take either: 2 capsules with a large glass of water or 1 effervescent tablet in a glass of water for 7 days.




This unregistered medicine has not been evaluated by the SAHPRA for its quality,safety or intended use.